# Government Gazette
# Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 579 Pretoria, 6 September 2013 No. 36835


*N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes*

36835
9771682584003

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

**IMPORTANT NOTICE**

**The Government Printing Works will not be held responsible for faxed documents not received due to errors on the fax machine or faxes received which are unclear or incomplete. Please be advised that an "OK" slip, received from a fax machine, will not be accepted as proof that documents were received by the GPW for printing. If documents are faxed to the GPW it will be the sender's responsibility to phone and confirm that the documents were received in good order.**

**Furthermore the Government Printing Works will also not be held responsible for cancellations and amendments which have not been done on original documents received from clients.**

## CONTENTS

| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **GENERAL NOTICE** | | |
| | **Justice and Constitutional Development, Department of** | | |
| | *General Notice* | | |
| 931 | Department of Justice and Constitutional Development: Publication of explanatory summary of the Determination of Remuneration of Members of Constitutional Institutions Matters Amendment Bill, 2013 | 2 | 36835 |

## INHOUD

| No. | | Bladsy No. | Koerant No. |
|---|---|---|---|
| | **ALGEMENE KENNISGEWING** | | |
| | **Justisie en Staatkundige Ontwikkeling, Departement van** | | |
| | *Algemene Kennisgewing* | | |
| 931 | Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling: Publikasie van verduidelikende opsomming van die Wysigingswetsontwerp op Aangeleenthede rakende Bepaling van Besoldiging van Lede van Grondwetlike Instellings, 2013 | 3 | 36835 |

# GENERAL NOTICE
# ALGEMENE KENNISGEWING

## NOTICE 931 OF 2013

## DEPARTMENT OF JUSTICE AND CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT

## PUBLICATION OF EXPLANATORY SUMMARY OF THE DETERMINATION OF REMUNERATION OF MEMBERS OF CONSTITUTIONAL INSTITUTIONS MATTERS AMENDMENT BILL, 2013

The Minister of Justice and Constitutional Development intends introducing the Determination of Remuneration of Members of Constitutional Institutions Matters Amendment Bill, 2013, in the National Assembly shortly. The explanatory summary of the Bill is hereby published in accordance with Rule 241(1)*(c)* of the Rules of the National Assembly.

The Bill seeks to amend—

- the Public Protector Act, 1994, so as to substitute a definition, to insert a definition and to further regulate the determination of the remuneration and other terms and conditions of employment of the Public Protector and Deputy Public Protector;
- the Human Rights Commission Act, 1994, so as to insert a definition and to further regulate the determination of the remuneration, allowances and other terms and conditions of office and service benefits of members of the South African Human Rights Commission;

- the Commission on Gender Equality Act, 1996, so as to insert a definition, to substitute a definition and to further regulate the determination of the remuneration, allowances and other terms and conditions of office and service benefits of members of the Commission for Gender Equality;
- the Electoral Commission Act, 1996, so as to insert a definition and to further regulate the determination of the conditions of service, remuneration, allowances and other benefits of members of the Electoral Commission;
- the Independent Commission for the Remuneration of Public Office-bearers Act, 1997, so as to substitute definitions, to insert a definition and to further regulate the functions of the Independent Commission for the Remuneration of Public Office-bearers;
- the Commission for the Promotion and Protection of the Rights of Cultural, Religious and Linguistic Communities Act, 2002, so as to insert a definition and to further regulate the determination of the conditions of appointment of members of the Commission for the Promotion and Protection of the Rights of Cultural, Religious and Linguistic Communities; and
- the Public Audit Act, 2004, so as to insert a definition and to further regulate the determination of the conditions of employment of the Auditor-General,

and to provide for matters connected therewith.

A copy of the Bill can be found on the website of the Parliamentary Monitoring Group at "http://www.pmg.org.za" and the website of the Department of Justice and Constitutional Development at "http://www.justice.gov.za" and may, after introduction into Parliament, also be obtained from the Government Printers: Cape Town.

## KENNISGEWING 931 VAN 2013

## DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

## PUBLIKASIE VAN VERDUIDELIKENDE OPSOMMING VAN DIE WYSIGINGSWETSONTWERP OP AANGELEENTHEDE RAKENDE BEPALING VAN BESOLDIGING VAN LEDE VAN GRONDWETLIKE INSTELLINGS, 2013

Die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling beoog om die Wysigingswetsontwerp op Aangeleenthede rakende Bepaling van Besoldiging van Lede van Grondwetlike Instellings, 2013, eersdaags in die Nasionale Vergadering in te dien. Die verduidelikende opsomming van die Wetsontwerp word hierby ooreenkomstig Reël 241(1)*(c)* van die Reëls van die Nasionale Vergadering gepubliseer.

Die Wetsontwerp beoog om—

- die Wet op die Openbare Beskermer, 1994, te wysig ten einde 'n woordomskrywing te vervang, 'n woordomskrywing in te voeg en die bepaling van die besoldiging en ander bedinge en voorwaardes van diens van die Openbare Beskermer en Adjunk Openbare Beskermer verder te reël;
- die Wet op die Menseregtekommissie, 1994, te wysig ten einde 'n woordomskrywing in te voeg en die bepaling van die vergoeding, toelaes en ander bedinge en voorwaardes van amp en diensvoordele van lede van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie verder te reël;
- die Wet op die Kommissie op Geslagsgelykheid, 1996, te wysig ten einde 'n woordomskrywing in te voeg, 'n woordomskrywing te vervang en die bepaling van die vergoeding, toelaes en ander bedinge en voorwaardes van amp en diensvoordele van lede van die Kommissie vir Geslagsgelykheid verder te reël;

- die Wet op die Verkiesingskommissie, 1996, te wysig ten einde 'n woordomskrywing in te voeg en die bepaling van die diensvoorwaardes, besoldiging, toelaes en ander voordele van lede van die Verkiesingskommissie verder te reël;
- die Wet op die Onafhanklike Kommissie vir die Besoldiging van Openbare Ampsbekleërs, 1997, te wysig ten einde woordomskrywings te vervang, 'n woordomskrywing in te voeg en die werksaamhede van die Onafhanklike Kommissie vir die Besoldiging van Openbare Ampsbekleërs verder te reël;
- die Wet op die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe, 2002, te wysig ten einde 'n woordomskrywing in te voeg en die bepaling van die aanstellingsvoorwaardes van lede van die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe verder te reël; en
- die Wet op Openbare Oudit, 2004, te wysig ten einde 'n woordomskrywing in te voeg en die bepaling van diensvoorwaardes van die Ouditeur-generaal verder te reël,

en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

'n Afskrif van die Wetsontwerp kan op die webtuiste van die Parlementêre Moniteringsgroep by "http://www.pmg.org.za" en die webtuiste van die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling by "http://www.justice.gov.za" gevind word en kan, na indiening by die Parlement, ook verkry word vanaf die Staatsdrukkers: Kaapstad.

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Publications: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertisements: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subscriptions: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Cape Town Branch: Tel: (021) 465-7531
Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001
Publikasies: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertensies: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subskripsies: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Kaapstad-tak: Tel: (021) 465-7531



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za